

# SACAI

**AFDELING C**

**GRAAD 12**

**EKSAMENRIGLYNE**

**LANDBOUWETENSKAPPE**

**2016**



## 1. INLEIDING

Die doel van hierdie Eksamenriglyne is om:

- Duidelikheid te gee oor die diepte en omvang van die inhoud wat in die graad 12 S A C A I Nasionale Seniorcertifikaat (NSS)-eksamen in **Landbouwetenskappe** geassesseer gaan word.
- Bystand te verleen aan onderwysers/fasiliteerers om leerders vir die eksamens voor te berei.
- Riglyne te verskaf aan alle SACAI eksaminatore asook interne- en eksterne moderatore.

Hierdie dokument gee aandag aan die finale graad 12 eksterne eksamens. Dit behandel op geen vlak die Skoolgebaseerde Assessering (SBA) nie.

Hierdie Eksamenriglyne moet gelees word saam met:

### A. **Die Nasionale Kurrikulumverklaring (NKV):**

- Kurrikulum - en Assesseringsbeleidsverklaring (KABV): **Landbouwetenskappe**
- *The National Protocol for Assessment Grades R – 12.*
- *The National Policy pertaining to the programme and promotion requirements of the National Curriculum Statement, Grades R-12*

### B. **Die hersiene SACAI KABV-Vakriglyn vir Landbouwetenskappe (2015)**

## 2. ASSESSERINGSRIGLYNE

**(Verwys asb. na die Hersiene SACAI KABV-Riglyne)**

Assessering is 'n aaneenlopende beplande proses van identifisering, versameling en interpretering van inligting oor die prestasie van leerders deur gebruik te maak van verskillende vorms van assessering.

Dit behels:

- Onderrig.
- Insameling en versameling van bewyse van prestasie;
- Evaluering van hierdie bewyse;
- Rekordering van die bevindings en gebruik van hierdie inligting om die leerder te verstaan en te ondersteun in die verdere ontwikkeling van die leerder om sodoende die proses van leer te bevorder;

Assessering moet beide informeel (assessering vir leer) en formeel (assessering van leer) wees. In beide gevalle is gereelde terugvoer nodig om die leerervaring te verbeter.

## FORMELE ASSESSERING

Al die assesseringstake wat die formele program van assessering uitmaak vir die jaar word beskou as formele assessering.

- Formele assesseringstake word gemerk en formeel op rekord geplaas vir progressie- en sertifiseringsdoeleindes.
- Alle formele assesseringstake is onderhewig aan moderering vir kwaliteitversekering en om te verseker dat gepaste standaarde gehandhaaf word.
- Formele assessering verskaf aan onderwysers 'n sistematiese manier van evaluering oor hoe leerders vorder in 'n graad en in 'n bepaalde vak.

Voorbeelde van formele assesserings sluit in:

- o Toetse;
- o Eksamens;
- o Praktiese take;
- o Projekte / Navorsing;
- o Mondelinge aanbiedings;
- o Demonstrasies; ens.

Formele assesseringstake vorm 'n deel van 'n jaarlange formele program van assessering in elke graad en vak en is saamgestel uit twee dele:

- Die SGA: 25%
- Einde-van-jaareksamen: 75%

In Graaf 12 word die SGA (25%) gemerk en opgestel deur die assesseringsentrums. Die take word intern sowel as ekstern (SACAI en UMALUSI) gemodereer. Dele van die SGA-take sal deur SACAI verskaf word om 'n goeie standaard van assessering deur alle sentrums te verseker. Die NSS-vraestelle word deur SACAI opgestel, gemodereer en die finale NSS-eksamen word ook deur SACAI hanteer. UMALUSI modereer hierdie vraestelle ekstern en is ook verantwoordelik vir die finale goedkeuring van alle NSS-vraestelle.

Die NSS-antwoordstelle van leerders word by SACAI gemerk, gemodereer en gekontroleer (75%)

Die volgende Assesseringsprogram gee 'n volledige oorsig van die formele assessering en hul gewigte.

**Graad 12**

Formele Assesering: Graad 12 (7 take)			Sertifiserings-punt
Kwartaal 1	Kwartaal 2	Kwartaal 3	
Taakgebaseerde assessering 1: 25%  Gekontroleerde toets 1: 75%	Taakgebaseerde assessering 2: 25%  Halfjaar-eksamen: 75%	Taakgebaseerde assessering 3: 25%  Gekontroleerde toets 2: 25%  Rekordeksamen: 50%	<p><b><u>SGA (intern): 25%</u></b></p> <p><b>Taakgebaseerde assessering:</b> (Gewig)                      Praktiese ondersoek 1: 20 punte                      Praktiese ondersoek 2: 20 punte                      Werksopdrag: 20 punte</p> <p><b>Toetsgebaseerde assessering:</b> (Gewig)                      Gekontroleerde toets 1: 5 punte                      Gekontroleerde toets 2: 5 punte                      Halfjaar-eksamen: 10 punte                      Rekordeksamen: 20 punte</p> <p><b>Totaal: 100</b></p> <p><b><u>Einde-van-jaar-eksamen (ekstern): 75%</u></b>                      Vraestel 1: 150                      Vraestel 2: 150  <b>Totaal 300</b></p>
<b>100</b>	<b>100</b>	<b>100</b>	<b>Totale sertifiseringspunt: 400</b>

## TIPES FORMELE ASSESSERING

### Praktiese ondersoek (Graad 10 - 12)

(Sien besonderhede van GR 10-11 assessering in die *Hersiene SACAI KABV-vakriglyne*)

Die doel en fokus van 'n praktiese ondersoek is om 'n leerder se wetenskapsonder-soekende vaardighede te ontwikkel en te assesser en kan die vorm aanneem van gewone praktiese werk of hipotesetoetsing.

**TWEE** praktiese ondersoeke moet formeel geassesseer word in Graad 12.

Leerders moet voldoende kontaktyd gegee word om die praktiese ondersoek te onderneem en om resultate te verkry. Leerders moet nie-kontaktyd gebruik om vir die praktiese ondersoek voor te berei en om dit op skrif te stel.

In 'n praktiese ondersoek sal Landbouwetenskappe-leerders geassesseer word ten opsigte van hulle vermoë om met die volgende vaardighede suksesvol te werk:

VAARDIGHEID	VERDUIDELIKING
<b>Volg instruksies</b>	
<b>Maak akkurate waarnemings</b>	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Pas voorwerpe of prosesse of item wat soortgelyk is en identifiseer verskille</li> <li>• Beskryf voorwerpe</li> <li>• Beskryf prosesse</li> <li>• Identifiseer verskille en ooreenkomste in diagramme, voorwerpe, woorde en data</li> <li>• Identifiseer probleme</li> <li>• Klassifiseer voorwerpe of prosesse vanaf gegewe inligting</li> <li>• Neem kenmerke en verskille waar in gegewe situasies met minimale inligting</li> </ul>
<b>Werksveiligheid</b>	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Neem voorsorgmaatreëls</li> </ul>
<b>Manipuleer en gebruik apparate effektief</b>	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Gewone apparaat saamvoeg</li> <li>• Hanteer gereedskap, apparaat en chemikalieë</li> </ul>
<b>Akkurate metings</b>	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Neem lesings op 'n liniêre en tweedimensionele skaal</li> <li>• Skale</li> <li>• Meting van hoeveelhede</li> <li>• Maak gepaste en korrekte metings van veranderlikes, herhaal metings om 'n gemiddeld te verkry waar nodig in alle kwantitatiewe werk</li> <li>• Herken, of verskaf die korrekte eenheid vir algemene metings</li> <li>• Tel sistematies</li> </ul>
<b>Hanteer materiale gepas</b>	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Voorbereiding van materiale of kleur van skyfies</li> <li>• Hanteer materiale</li> </ul>
<b>Versamel inligting</b>	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Versameling van inligting</li> </ul>
<b>Rekord neem van inligting op gepaste wyse - tekeninge, grafieke, ens.</b>	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Versameling en organisering van data in: <ul style="list-style-type: none"> <li>- Diagramme;</li> <li>- Tabele; en</li> <li>- Grafieke.</li> </ul> </li> <li>• Die saamstel van 'n sirkelgrafiek, lyngrafiek, histogram of kolomgrafiek wat pas by die inligting/data, kies gepaste asse en skale</li> </ul>

## Werkopdragte (Graad 10 - 12)

(Sien besonderhede van GR 10-11 assessering in die **Hersiene SACAI KABV-vakriglyne**)

'n Werkopdrag is 'n kort taak van 1 tot 1½ uur en sluit aktiwiteite in soos vertalings-aktiwiteite, ontledings en interpretasies van inligting, en teken en regverdiging van afleidings. Dit kan verder aktiwiteite insluit wat die leerder uitvoer om 'n landbouaktiwiteit of -aksie na te boots of te simuleer. Dit kan die bou van *modelle*, *rekenaarsimulasies*, *beplanningsdokumente*, *dataversameling vanaf eksperimente*, ens. insluit wat op bepaalde landbou-aktiwiteite gebaseer is.

## Voorbeelde van werkopdragte

Graad 12
Vind meer uit oor die uitbreek van die varkgriep/koors (H1N1) -siekte wat diere aantast, veral varke in Suid-Afrika (2009): simptome, metode van vervoer, beheer/ voorkomende maatreëls, behandel-ing, ens. Inligting word aan die leerders voorsien en 'n stel vrae is gebaseer op die leeswerk.

Voorbeelde van praktiese take:

Graad 12
1. Dissekering van 'n hoender en identifisering van verskeie organe/ strukture en funksies
2. Ekstrahering van DNS van koring/ui/ piesang, ens.


Die ontwerp van enige taak moet die inhoud van die vak dek en moet 'n verskeidenheid take insluit om die doelwitte van die vak te bereik.

## Gekontroleerde toetse

'n Toets in die program van assessering behoort nie uit verskeie klein toetsies te bestaan nie. Elke toets behoort 'n aansienlike hoeveelheid inhoud te dek en behoort opgestel te word vir 60 - 90 elk.

Die punte vir die toets word deur SACAI voorgeskryf (Sien asb. Voorgeskrewe puntestate wat gebruik moet word en op die SACAI-web beskikbaar sal wees).

■ **Formele assesseringstake/toetse/eksamens moet voorsiening maak vir 'n reeks kognitiewe vlakke en die vermoëns van leerders.** Sien die afdeling oor “Die belang-rikheid van gebalanseerde vraestelle”.



### 3. FORMAAT VAN EKSAMENVRAESTELLE

#### FORMAAT VAN GEKONTROLEERDE TOETSE EN EKSAMENVRAESTELLE

##### ■ Gekontroleerde toetse

- 'n Formele assesseringstoets moenie uit 'n reeks klein toetsies bestaan nie, maar moet 'n aansienlike hoeveelheid inhoud dek en moet ten minste vir 60 – 90 minute wees.
- Die punte vir die toets word deur SACAI voorgeskryf (**Sien asb. Voorgeskrewe puntestate wat gebruik moet word en op die SACAI-web beskikbaar sal wees**).

Die volgende formaat vir gekontroleerde toetse word aanbeveel:

Tyd: 1½ ure	Inhoud	Punte
<b>Afdeling A:</b>	Kort, objektiewe tipe vrae wat die hele kwartaal se werk dek.	30
<b>Afdeling B:</b>	Interpretasie tipe vrae	70
<b>TOTAAL</b>		<b>100</b>

- Elke taak, toets of eksamenvraestel moet voorsiening maak vir 'n reeks kognitiewe vlakke en die vermoëns van die leerders. Sien ook die afdeling oor die “Belangrikheid van gebalanseerde vraestelle”

##### ■ Halfjaar-eksamens

Die halfjaar-eksamen bestaan uit EEN vraestel vir elk van Graad 10 tot 12 en sluit die werk in wat gedurende die eerste helfte van die jaar gedoen is. Die formaat is presies dieselfde as dié van die eindeksamenvraestelle. (Sien die volgende afdeling: *Einde-van-jaareksamens*).

##### ■ NSS Einde-van-jaar eksamens

#### Graad 12

Vraestel 1			
Tyd: 2½ ure			
Inhoud	Afdeling A*	Afdeling B	Totale punte
<ul style="list-style-type: none"> <li>• Dierervoeding</li> <li>• Dierreproduksie, Beskerming en beheer</li> <li>• Reproduksie</li> </ul>	Vraag 1	Vraag 2-4	150
	45	105 (35 punte / vraag)	

Vraestel 2			
Tyd: 2½ ure			
Inhoud	Afdeling A*	Afdeling B	Totale punte
<ul style="list-style-type: none"> <li>• Landboubestuur en bemarking</li> <li>• Produksiefaktore</li> <li>• Basiese landbougenetika</li> </ul>	Vraag 1	Vraag 2-4	150
	45	105 (35 punte / vraag)	

**Basiese formaat en uitleg van die nasionale vraestelle vir Landbouwetenskappe:**

**INSTRUKSIES IN VRAESTEL 1:**

**INSTRUKSIES EN INLIGTING**

1. Beantwoord ALLE vrae.
2. AFDELING A (VRAAG 1) moet op die aangehegte ANTWOORDBLAD beantwoord word.
3. AFDELING B (VRAAG 2 TOT 4) moet in die ANTWOORDBOEK beantwoord word.
4. Begin elke vraag in AFDELING B op 'n nuwe bladsy.
5. Lees ALLE vrae deeglik en beantwoord SLEGS wat gevra word.
6. Nommer die antwoorde volgens die nommeringsstelsel wat in die vraestel gebruik word.
7. Plaas jou antwoordblad vir AFDELING A (VRAAG 1) binne-in jou antwoordboek.
8. Skryf netjies en leesbaar.

**AFDELING A vir VRAESTEL 1:**

Hierdie afdeling bestaan uit meervoudigekeuse-vrae, kolom/pasiteems, terminologievrae en termvervangingsvrae. Daar moet 'n eweredige verspreiding van punte wees tussen die hoofonderwerpe (Dierevoeding, Diereproduksie, Beskerming en Beheer en Reproduksie) vir hierdie vrae. Elk van die hoofonderwerpe sal 15 punte tel.

***Die volgende is 'n aanduiding van die uiteensetting van vrae in Afdeling A:***

**AFDELING A: Vraestel 1**

**VRAAG 1**

Daar sal vier verskillende tipes kortvrae wees in die volgende volgorde:



**Meervoudigekeuse-vrae:**

1.1 Verskeie opsies word as moontlike antwoorde vir die volgende vrae gegee. Kies die antwoord en skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer (1.1.1–1.1.10) in die ANTWOORDEBOEK neer, byvoorbeeld 1.1.11 A.

**1.1.1 → 1.1.10 (10 x 2) (20)**

**VIER moontlike antwoorde word per vraag gegee en soos volg aangedui:**

- A .....
- B .....
- C .....
- D .....

**Kolom-/Pasitens:**

1.2 Dui aan of elk van die stellings in KOLOM B op SLEGS A, SLEGS B, BEIDE A EN B of GEENEEN van die items in KOLOM A van toepassing is. Skryf slegs A, slegs B, beide A en B of geeneen langs die vraagnommer (1.2.1–1.2.5) in die ANTWOORDEBOEK neer, byvoorbeeld 1.2.6 slegs B.

TWEE moontlikhede word gegee: een in **KOLOM A** en 'n beskrywing in **KOLOM B**

**VOORBEELD:**

KOLOM A		KOLOM B
<b>A</b>	Kapitaal	Bedrag betaal vir geld wat geleen is
<b>B</b>	Rente	

Antwoord: (op aangehegte antwoordblad):

SLEGS A	SLEGS B	A en B	GEEN
A	<del>B</del>	C	D

**1.2.1 → 1.2.5 (5 x 2) (10)**

**Terminologievrae:**

1.3 Skryf die landboukundige term/frase vir elk van die volgende beskrywings langs die vraagnommer (1.2.1 – 1.2.5) in die ANTWOORDEBOEK neer.

**1.3.1 → 1.3.5 (5 x 2) (10)**

**Termvervangingsvrae:**

1.4 Verander die ONDERSTREEPTE WOORD in elk van die volgende stellings om die stellings WAAR te maak. Skryf slegs die korrekte woord(e) langs die vraagnommer (1.4.1–1.4.5) in die ANTWOORDEBOEK neer.

**1.4.1 → 1.4.5 (5 x 1) (5)**

**[45]**

**INSTRUKSIES IN VRAESTEL 2:**

**INSTRUKSIES EN INLIGTING**

9. Beantwoord ALLE vrae.
10. AFDELING A (VRAAG 1) moet op die aangehegte ANTWOORDBLAD beantwoord word.
11. AFDELING B (VRAAG 2 TOT 4) moet in die ANTWOORDBOEK beantwoord word.
12. Begin elke vraag in AFDELING B op 'n nuwe bladsy.
13. Lees ALLE vrae deeglik en beantwoord SLEGS wat gevra word.
14. Nommer die antwoorde volgens die nommeringsstelsel wat in die vraestel gebruik word.
15. Plaas jou antwoordblad vir AFDELING A (VRAAG 1) binne-in jou antwoordboek.
16. Skryf netjies en leesbaar.

**AFDELING A vir VRAESTEL 2:**

Hierdie afdeling bestaan uit meervoudigekeuse-vrae, kolom/pasitems, terminologievrae en term vervangingsvrae. Daar moet 'n eweredige verspreiding van punte wees tussen die hoofonderwerpe (Landboubestuur en bemerking, Produksiefaktore en Basiese Landbougenetika) vir hierdie vrae. Elk van die hoofonderwerpe sal 15 punte tel.

Die volgende gee 'n aanduiding van die formaat, uitleg, instruksies, aantal vrae per subvraag en puntetoekenning vir **AFDELING A:**

**VRAAG 1**

Daar sal vier verskillende tipes kortvrae wees in die volgende volgorde:

**Meervoudigekeuse-vrae:**

1.1 Verskeie opsies word as moontlike antwoorde vir die volgende vrae gegee. Kies die antwoord en skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer (1.1.1–1.1.10) in die ANTWOORDEBOEK neer, byvoorbeeld 1.1.11 A.

**1.1.1 → 1.1.10 (10 x 2) (20)**

**VIER moontlike antwoorde word per vraag gegee en soos volg aangedui:**

- A .....
- B .....
- C .....
- D .....

**Kolom-/Pasitems:**

1.2 Kies 'n term/frase uit KOLOM B wat by 'n beskrywing in KOLOM A pas. Skryf slegs die letter (A–J) langs die vraagnommer (1.2.1–1.2.5) in die ANTWOORDEBOEK neer, byvoorbeeld 1.2.6 K.

**1.2.1 → 1.2.5 (5 x 2) (10)**

Slegs tien items gemerk A tot J word aangebring in KOLOM B as afleiers vir die beskrywings in KOLOM A.

**Terminologie vrae:**

1.3 Skryf die landboukundige term/frase vir elk van die volgende beskrywings langs die vraagnommer (1.2.1 – 1.2.5) in die ANTWOORDEBOEK:

**1.3.1 → 1.3.5 (5 x 2) (10)**

**Termvervangingsvrae:**

1.4 Verander die ONDERSTREEPTE WOORD in elk van die volgende stellings om die stellings WAAR te maak. Skryf slegs die korrekte woord(e) langs die vraagnommer (1.4.1–1.4.5) in die ANTWOORDEBOEK neer.

**1.4.1 → 1.4.5 (5 x 1) (5)**

**[45]**

**AFDELING B vir VRAESTEL 1:**

Alle vrae word deur kandidate voltooi en by elke vraag word aangedui dat kandidate die vraag op 'n nuwe bladsy moet voltooi (Begin hierdie vraag op 'n NUWE bladsy).

**VRAAG 2: DIEREVOEDING**

Vrae wat die meeste van die hoofinhoudsareas dek word gevra en genummer as 2.1, 2.2, 2.3, b ens. met subvrae genummer met gebruik van 'n driesyfer-nommeringstelsel (byvoorbeeld 2.1.1).

**Inhoudareas word aangedui in die jaarlikse onderrigplan van die Hersiene SACAI KABV-dokument vir Landbouwetenskappe. [35]**

**VRAAG 3: DIEREPRODUKSIE, -BESKERMING EN KONTROLE**

Vrae wat die meeste van die hoofinhoudsareas dek word gevra en genummer as 3.1, 3.2, 3.3, ens. met subvrae genummer met gebruik van 'n driesyfer-nommeringstelsel (byvoorbeeld 3.1.1).

**Inhoudareas word aangedui in die jaarlikse onderrigplan van die Hersiene SACAI KABV-dokument vir Landbouwetenskappe. [35]**

#### **VRAAG 4: DIEREREPRODUKSIE**

Vrae wat die meeste van die hoofinhoudsareas dek word gevra en genummer as 4.1, 4.2, 4.3, ens. met subvrae genummer met gebruik van 'n driesyfer-nommeringstelsel (byvoorbeeld 4.1.1).

**Inhoudareas word aangedui in die jaarlikse onderrigplan van die Hersiene SACAI KABV-dokument vir Landbouwetenskappe. [35]**

**GROOTTOTAAL: 150**

#### **AFDELING B vir VRAESTEL 2:**

Alle vrae word deur kandidate voltooi een in elke vraag word dit aangedui dat kandidate die vraag op 'n nuwe bladsy moet voltooi (Begin hierdie vraag op 'n NUWE bladsy).

**Inhoudareas word aangedui in die jaarlikse onderrigplan van die Hersiene SACAI KABV-dokument vir Landbouwetenskappe. [35]**

#### **VRAAG 2: LANDBOUBESTUUR EN BEMARKING**

Vrae wat die meeste van die hoofinhoudsareas dek word gevra en genummer as 2.1, 2.2, 2.3, ens. met subvrae genummer as 'n driesyfer-nommeringstelsel (byvoorbeeld 2.1.1).

**Inhoudareas word aangedui in die jaarlikse onderrigplan van die Hersiene SACAI KABV-dokument vir Landbouwetenskappe. [35]**

#### **VRAAG 3: PRODUKSIEFAKTORE**

Vrae wat die meeste van die hoofinhoudsareas dek word gevra en genummer as 3.1, 3.2, 3.3, ens. met subvrae genummer met gebruik van 'n driesyfer-nommeringstelsel (byvoorbeeld 3.1.1).

**Inhoudareas word aangedui in die jaarlikse onderrigplan van die Hersiene SACAI KABV-dokument vir Landbouwetenskappe. [35]**

#### **VRAAG 4: BASIESE LANDBOUGENETIKA**

Vrae wat die meeste van die hoofinhoudsareas dek word gevra en genummer as 4.1, 4.2, 4.3, ens. met subvrae genummer met gebruik van 'n driesyfer-nommeringstelsel (byvoorbeeld 4.1.1).

**Inhoudareas word aangedui in die jaarlikse onderrigplan van die Hersiene SACAI KABV-dokument vir Landbouwetenskappe. [35]**

**GROOTTOTAAL: 150**

#### 4. UITBREIDING VAN DIE INHOUD VAN GRAAD 12 (KABV)

Die volgende tabel verskaf 'n kort uitleg van die inhoud wat gedek moet word vir VRAESTEL 1 en VRAESTEL 2:

##### DIERESTUDIES: VRAESTEL 1

##### DIEREVOEDING

HOOFONDERWERP	VOORGESTELDE INHOUD
<b>Dierevoeding</b>	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Vergelyk die uitwendige bou van die spysverteringskanaal van 'n herkouer (koei of skaap) en nie-herkouer (hoender en vark)</li> <li>• Funksies en aanpassings van verskeie strukture van die spysverteringskanaal</li> <li>• Beskrywing van die inwendige bou van die rumen/grootpens, retikulum/ruitjiespens, omasum/blaarpens, abomasum/melkpens en dunderm</li> </ul>
<b>Vertering by nieherkouers (vark/hoender) en herkouers (koei)</b>	<p>Vertering by nie-herkouers</p> <ul style="list-style-type: none"> <li>• 'n Kort verduideliking van die inname van voer</li> <li>• Die meganiese en/of chemiese (ensieme) verteringsprosesse in die mond, maag, dunderm en die dikderm</li> <li>• Funksies van die speekselkliere, die lewer, pankreas en dermkliere (bykomende kliere)</li> </ul> <p>Vertering in die herkouers</p> <ul style="list-style-type: none"> <li>• Definisies van herkou, herkouaksie en peristalse</li> <li>• Verduideliking van die inname van voedsel, kou aan die herkoutjie</li> <li>• Die verskille in grootte en funksionaliteit van die vier maagkompartemente van 'n volwasse herkouer in vergelyking met 'n jong herkouer</li> </ul> <p>Vertering in die rumen</p> <ul style="list-style-type: none"> <li>• Beskryf rumenmikrobes as eensellige organismes wat in die retikulo-rumen aangetref word</li> <li>• Klassifiseer kortliks die verskillende tipes rumenmikrobes</li> <li>• Beskryf die belangrikste vereistes vir normale funksionering van die rumenmikrobes / mikroörganismes</li> <li>• Noem die funksies van die rumenmikrobes</li> <li>• Verduidelik die absorpsie van voedsel in die rumen direk na die bloedstroom deur osmose en diffusie</li> </ul>
<b>Komponente van 'n voer</b>	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Beskryf kortliks die funksies (belangrikheid) van water, proteïene, koolhidrate (suiker, stysel en ruve-sel) en vette en olies (eterekstrak) in diereproduksie en -groei</li> <li>• Noem die biochemiese funksies (belangrikheid en tekorte) van die makro-elemente (kalsium, fosfor, magnesium, natrium, chloor, kalium en swawel) en die spoorelemente (yster, jodium, sink, selenium, koper en kobalt)</li> <li>• Dui kortliks die basiese funksies en twee tekorte van wateroplosbare (B1; B2 ; B6 en B12/Vitamien B kompleks) en vetoplosbare vitamieë (A, D, en K) aan.</li> </ul>

HOOFONDERWERP	VOORGESTELDE INHOUD
<b>Verteerbaarheid van voere</b>	Definieer verteerbaarheid en die verteerbaarheidskoëffisiënt van voere <ul style="list-style-type: none"> <li>• Noem die faktore wat die verteerbaarheid van voere affekteer/beïnvloed/bepaal</li> <li>• Beskryf die metodes om die verteerbaarheid van voere te verbeter/verhoog</li> <li>• Bereken en interpreteer die verteerbaarheidskoëffisiënt van 'n voer</li> </ul>
<b>Kwaliteit van 'n voer, energiewaarde van voer en voedingsverhouding</b>	Kwaliteit van voer: biologiese waarde van proteïene <ul style="list-style-type: none"> <li>• Die begrippe: biologiese waarde (BW), essensiële aminosuurindeks en ideale proteïene.</li> <li>• Verduidelik die belangrikheid van diereproteïene in rantsoene</li> <li>• Evalueer 'n voerproteïen in terme van biologiese waarde (eierproteïen en melkproteïen)</li> </ul> Energiewaardes van voer <ul style="list-style-type: none"> <li>• Noem die eenhede waarin die energiewaarde uitgedruk word</li> <li>• Definieer en omskryf bruto energie, metaboliese energie, verteerbare- en netto energie</li> <li>• Beskryf die aanwending/doel van die berekening van die energiewaarde van 'n voer</li> <li>• Identifiseer en teken 'n skematiese voorstelling van die energievloei van 'n voer</li> <li>• Bereken die energievloei van 'n voer en die interpreteer die antwoord</li> </ul> Voedingsverhouding <ul style="list-style-type: none"> <li>• Definieer die konsep van voedingsverhouding (VV)</li> <li>• Beskryf die aanwending/doel van die voedingsverhouding in diervoeding</li> <li>• Bereken en interpreteer die voedingverhouding 'n voer</li> </ul>
<b>Tipes voer</b>	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Illustreer die basiese klassifikasie van diervoere • Definieer ruvoere en kragvoere</li> <li>• Noem die eienskappe van ruvoere en kragvoere</li> <li>• Beskryf die verskillende soorte ruvoere en kragvoere</li> <li>• Maak 'n skematiese voorstelling van die verskillende tipes diervoere</li> <li>• Noem die hoof funksies (belangrikheid) van ruvoere en kragvoere</li> </ul>
<b>Onderverdeling van Voere</b>  <b>Beplanning van 'n voervloeioprogram</b>	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Vergelyk en voorsien voorbeelde van proteïenryke en koolhidraatryke voere</li> </ul> Aanvullings by rantsoene <ul style="list-style-type: none"> <li>• Dui die verskillende maniere aan om minerale, vitamien, nie-proteïenstikstof en groeistimulante aan te vul</li> </ul> Beplanning van 'n voervloeioprogram <ul style="list-style-type: none"> <li>• Definieer en beskryf 'n voervloeioprogram, onderhoud- en produksierantsoen</li> <li>• Gee 'n kort oorsig van die Pearson-vierkantmetode (voerformulering)</li> <li>• Bereken en teken die voerhoeveelhede aan deur 'n enkel Pearson-vierkantmetode te gebruik</li> <li>• Interpreteer die resultate vir voermengsels vanaf die Pearson-vierkant vir voermengsels</li> <li>• Interpreteer en beskryf 'n voer/voervloei/voerproduksiebeplanning</li> <li>• Verduidelik die belangrikheid van voervloei/voerproduksiebeplanning</li> <li>• Doen 'n basiese berekening van 'n voer/voervloeioprogram vir 'n groep vee (aantal diere en voer nodig oor 'n tydspanne)</li> </ul>
<b>Diereproduksie, Beskerming en Beheer</b>	

**EKSAMENRIGLYNE: LANDBOUWETENSKAPPE 2016**

<b>HOOFONDERWERP</b>	<b>VOORGESTELDE INHOUD</b>
<b>Dierproduksie Verhoging van diereproduksie</b>	<p>Diereproduksiestelsels</p> <ul style="list-style-type: none"> <li>• Beskryf en vergelyk intensiewe en ekstensiewe diereproduksiestelsels</li> <li>• Toon die verskille tussen kleinskaalse/bestaansboerdery en grootskaalse/kommersiële boerderystelsels</li> </ul>
<b>Intensiewe boerdery</b>	<p>Bestudeer voorbeelde van intensiewe boerderyproduksie insluitende braaikuikenproduksie, batterystelsels, voerkrale en varkeenhede</p> <ul style="list-style-type: none"> <li>• Beskryf hoe faktore soos voeding/voer, omgewing, reproduksie/teling en algemene bestuur gebruik word om diereproduksie te verhoog met intensiewe boerdery (braaikuikenproduksie)</li> </ul>
<b>Ekstensiewe boerdery</b>	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Bestudeer voorbeelde van ekstensiewe produksie insluitende skaapboerdery, beesvleisproduksie en pluimveeproduksie</li> <li>• Beskryf hoe faktore soos voeding/voer, omgewing, reproduksie/teling en algemene bestuur gebruik word om diereproduksie te verhoog met ekstensiewe boerdery (beesvleisproduksie)</li> </ul>
<b>Dierskuiling/ beskerming/ behuising</b>	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Gee die belangrikheid of redes vir skuiling/behuising</li> <li>• Identifiseer die verskillende strukture wat gebruik word vir die skuiling/behuising van vee in 'n intensiewe diereproduksiestelsel</li> <li>• Identifiseer en beskryf die verskillende intensiewe produksiestelsels soos 'n agterplaasstelsel, intensiewe/semi-intensiewe stelsels en skropstelsels vir pluimvee, varke en suiwelproduksiestelsels</li> <li>• Noem die basiese behuising of skuilingvereistes/riglyne vir 'n intensiewe produksiestelsel soos 'n afrondingskuur, voerskuur en hokke</li> <li>• Identifiseer en beskryf die verskillende gereedskap vir intensiewe behuisingstelsels soos voerders, watertoevoer, kooigoed en beligting</li> </ul>
<b>Gedrag en hantering van plaasdiere</b>	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Beskryf die algemene gedragpatrone van groot herkouters (beeste), klein herkouters (skape), intensiewe nie-herkouters (varke) en pluimvee. onder verskeie toestande</li> </ul> <p>Hantering van plaasdiere</p> <ul style="list-style-type: none"> <li>• Gee die redes/belangrikheid van die hantering van plaasdiere</li> <li>• Beskryf die uitwerking van verkeerde hantering van plaasdiere (skade en uitwerking)</li> <li>• Gee die basiese riglyne by die hantering van groot herkouters (beeste), klein herkouters (skape), intensiewe nie-herkouters (varke) en pluimvee.</li> <li>• Identifiseer en beskryf die verskillende tegnieke/gereedskap/hulpmiddels wat aangewend by die hantering van plaasdiere</li> <li>• Noem die basiese riglyne/vereistes vir die vervoer/beweging van plaasdiere vanaf een plaas na die ander/slagpale</li> </ul>
<b>Dieresiektes en beskerming</b>	<p>Diergesondheid</p> <ul style="list-style-type: none"> <li>• Beskryf die tekens van swak gesondheid/siek diere (beeste, varke en hoenders)</li> <li>• Noem en beskryf die metodes vir die bepaling van 'n diere se gesondheid</li> <li>• Noem verskillende metodes waarop medikasie aan diere toegedien word (beeste, varke en hoenders)</li> <li>• Beskryf die volhoubare gebruik van medikasie</li> <li>• Onderskei tussen aansteeklike, nie-aansteeklike en metaboliese dieresiektes</li> <li>• Identifiseer en beskryf die vlak van ernstigheid van 'n dieresiekte (chronies, per-akuut en akuut)</li> </ul>

**EKSAMENRIGLYNE: LANDBOUWETENSKAPPE 2016**

	<p>Dieresiektes</p> <ul style="list-style-type: none"> <li>• Dui die hoofmikroörganismes aan wat siektes by diere veroorsaak</li> <li>• Identifiseer die belangrikste siektes in Suid-Afrika gebaseer op die wyse van oordrag, dieregasheer, simptome en behandeling</li> </ul>
<b>Virus- en bakteriese siektes</b>	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Evalueer virussiektes soos bek-en-klouseer, hondsdolheid, slenkalkoors, voëlgriep, varkgriep en Newcastle-siekte</li> <li>• Beskryf bakteriese siektes soos antraks, mastitis en tuberkulose (TB)</li> </ul>
<b>Protosoë en swamsiektes</b>	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Dui protosoë-siektes soos anaplasrose (bosluiskoors), rooiwater, hartwater en koksidiöse aan • Beskryf swamsiektes soos klontwol en omlope</li> <li>• Identifiseer en verduidelik die ekonomiese gevolge van dieresiektes</li> <li>• Beskryf die voorkomingsmaatreëls vir dieresiektes</li> </ul>
